

# KOERSVAS

Jaargang 7      Uitgawe 157   29 Maart 2019

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Konstante Klimaatsverandering

Die “*Black first land first*” (BLF) beweging het hierdie week in ‘n verklaring die Weste en Westerse tegnologie die skuld gegee vir die verwoesting wat sikloon Idai in onder andere Mosambiek aangerig het. Hulle het by monde van ‘n spreekbuis geëis dat die Weste vergoeding betaal aan die slagoffers vir die skade wat ‘n direkte gevolg van Westerse lewenswyse is. Kom ons laat die bewusteloses buite rekening. Die debat oor ons klimaat val uiteen in twee groepe. Aan die een kant is daar die alarmiste en aan die ander kant is daardie ontkenners (Engels – deniers). Kom ons kyk eers na die feite en kom dan terug na die menslike reaksies.

Daar is nie iets soos konstante klimaat nie, net konstante verandering van weer en klimaat. Die aarde se klimaat en weer is per definisie nooit stabiel nie. Sonder onstabieleit kan daar nie weer wees nie, kan daar geen winde of reën wees nie. Kyk maar na die weervoorspelling, as daar niks opspraakwekkend gaan gebeur nie, praat die weerprofete van “geen weer”. Die wisseling van die seisoene is verdere tekens van ‘n klimaat wat voortdurend aan die verander is. Die klimaat het in menseheugenis al talle kere verander. Net

twee geslagte gelede kon die mense in Dinokeng nog koring verbou in die winter. Daar is baie ander soortgelyke voorbeelde. Die mense wat konstant die klimaat monitor (boere en natuur liefhebbers) beweer met versigtigheid dat die seisoene met tot soveel as ‘n maand aangeskuiw het. Diegene wat wetenskaplik navorsing doen, beweer dat die verandering van klimaat ‘n millenia-oue (nie net eeue-oue nie) verskynsel is. Ondersoeke van die yslande en gewoon die geskiedenis dui aan dat die klimaat tussen warm periodes en ystydperke gewissel het. Daar is baie teorieë wat aangebied word om hierdie verskynsel te verklaar. Dit sluit in skommeling in oseaan temperature, die wisselende hitte van die son (“solar flares”), die wentelbaan van die aarde en die hoeveelheid partikels van iets soos koolstof of waterstof.

Vir sommige mense is die simplistiese antwoord dat die sondebok koolstof is. In die tweede helfte van die vorige eeu was daar groot gewag gemaak van die (toe) aardverwarming wat besig was om plaas te vind. Daar was bewerings dat die seevlakke so sou styg dat stede soos New York onder water sou wees teen die draai van die eeu (2000). Daar was alarm gemaak en mense is aangemoedig om minder gebruik te maak van steenkool en ander stowwe wat via

koolstofdioxied die aarde 'n kweekhuis maak (kweekhuis-effek). Wetgewing is in die meeste lande in plek gestel om mense daartoe te dwing om 'n leefstyl te handhaaf en uitgawes aan te gaan wat omgewingsvriendelik is. (soos onder andere die koolstof-belasting op voertuie wat ons by aankoop betaal – belasting wat nie gebruik word om die natuur te red nie, maar die politici se sakke te vul). Indien die mensdom nie dringend alles sou verander nie, sou die aarde katastrofies onleefbaar word.

Dit het nie gebeur nie. Na 'n bietjie meer as tien jaar van 'n hiatus (geen styging van temperature) moes die mense erken dat die aarde se verwarming om een of ander rede opgehou het. Het dit hulle alarmisme gestuit? Die antwoord is tog duidelik. Hulle het 'n nuwe woord begin gebruik, 'n woord wat hulle verdog se momentum stimulus sou gee. Dit is die term, “klimaatsverandering” - “*Climate change*”. Koppel die term aan hulle simplistiese model en hulle kan verwys na mensgemaakte klimaatsverandering – ja, die mens word nou skielik die outeur van die klimaatkrisis!

Dit is die wonderlikste woord. Enige verandering in temperatuur, enige droogte, enige sikloon of orkaan, enige vloed, wel enige natuurfenomeen word deur hierdie woord gedek. Hulle kan met hulle kruistog voortgaan in enige weer. Hulle kan internasionale verdrae sluit – soos die Parys-akkoord. Hulle kan lande dwing om hulle “koolstof voetspoor” te verminder. Terme soos koolstof krediete en hernubare energie word gebruik. Daar word verkeerdelik beweer dat 97% van wetenskaplikes saamstem oor die saak. Enige persoon wat die wysheid van die dag bevraagteken, word verdag gemaak,

belaglik gemaak, tot skande gemaak, 'n klimaat ontkenner genoem.

Hierdie klimaat histerie word in ons eie land misbruik om geld te maak met die bemerking van hernubare bronne van energie (ons praat nie nou van noodkrag danksy Eskom nie). So gepraat van hernubare kragbronne en hulle betroubaarheid. Duitsland het in een jaar 11% nuwe sonpanele in gebruik geneem en 4% minder sonkrag opgewek, 9% nuwe windterbunes gebou en 2% minder windenergie opgewek. Die rede; die son het minder geskyn en die wind minder gewaai. In die VSA is daar nou die belaglike voorgestelde “*Green new deal*” wat deur radikales sos Alexandria Occasio-Cortez aangevuur word, 'n plan wat die land \$93 triljoen sal kos.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die BLF met hulle belaglike bewerings en eise na vore gekom het. Daar is genoegsame wetenskaplike bewyse dat die klimaat nog altyd verander het. Daar is genoeg gegewens om aan te dui dat daar nog altyd natuurrampe was en dat ons nou in 'n tyd leef wanneer die storms eintlik minder hewig is. Die dollarskade het meer met inflasie en bevolkingsdigtheid te make en minder met millimeters reën en kilometer per uur winde. Diegene wat die ideologie van mensgemaakte verandering in klimaat bevraagteken, moet darem nie alleen voel nie. President Donald Trump het die VSA aan die Parys-akkoord onttrek. Ons kan met eerlikheid erken dat ons as rentmeesters moet optree, maar dat ons nie so vol hubris moet wees om te dink dat ons optredes die klimaat verander nie. Dan is ek ook eerder 'n ontkenner. Jammer BLF, ons sal nie skuldig voel nie en julle sal van ons geen sent ontvang nie.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### KOSTER EISBEINFEES

Koster gemeente hou hulle jaarlikse Eisbeinfees hierdie jaar op 5,6,7 April 2019 by die Kosterdam. Die gemeenskap rat hulself vir hierdie baie suksesvolle fees. Steve Hofmeyr en ander kunstenaars gaan daar optree.

### DIE OORD PV3 KARNIVAL

Die Oord PV3 se jaarlikse karnaval vind plaas op 13 April 2019 (sien advertensie onder aan Koersvas. Daar gaan verskeie stalletjies wees: Kos, Pannekoek, Poeding, Tuis-nywerheid, Plaasstal, Wit Olifant, Tombola, Musiek, Foto's, Koeldrank, Koffie & tee, Spookasem en Springmielies Toegangsfooi per voertuig - R20.00 Olyfolie sal beskikbaar wees – R160.00 per liter <https://maps.app.goo.gl/s1MWz>

### BONDSVERGADERING 2019

Die Bondsvergadering vind hierdie jaar 8-10 September te Premiemyn (net buite Cullinan) plaas. Maak seker dat u datums beplan en reëlings (vervoer en behuising) getref is. Meer inligting insake akkommodasie en die program volg ...

### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag

nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### OORNAG FASILITEITE Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld ! Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek - naby hospitaal en besighede- Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers Etes en wasgoed op afspraak Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney** Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

SKUD JOU STEWELS AF VIR  
**STEVE**  
EN ANDER KUNSTENAARS

KAARTJIES SAL BINNEKORT BESKIKBAAR WEES

KOSTERDAM  
**EISBEIN**  
fees

5 - 7 APRIL  
**2019**  
KOSTERDAM

Vermaak    stalletjies    Kamp geriewe    Bergfietswedren

**VLEISRAS  
LANDRAS**

# 1/2 OF HEEL VARK TE KOOP

**PRYS: R40 p/kg**

**DATUM VAN AFLEWERING:** Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is  
**AFLEWERINGSPUNT:** Pretoria soos ooreengekom  
**BETALING:** EFT

**BEPERKTE VOORRAAD**  
 9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe  
 tussen 25- en 35kg  
 7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg

Varke word opgesaag  
 soos versoek!

**PLAAS BESTELLING BY  
 RONÉL SELNO. 0827873680**

**ONDERSTEUN JOU  
 SAK EN DIE BOER  
 &  
 BESTEL DIREK VAN  
 DIE BOER**



# Hervormde Gemeente Vrede

## Voël jag ter waarde van R9 000 - 3 jagters

*Pryse is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.*

Die beoordelaars se beslissing is finaal.  
 Trekking vind plaas op 15 Junie 2019

**JAGPAKKET:**  
 19-20 Julie 2019  
 Akkommodasie by Waterfront  
 Gastehuis te Dmanzini, Vrede

**1ste Prys: Tarentale  
 Fisante  
 Patryse**

**2de Prys: 1 Blesbokkarkas**

**3de Prys: Slagvark**



**BANKBESONDERHEDE:**  
 Hervormde Gemeente Vrede  
 Standard Bank  
 Tjek 042096100  
 Vrede 051 001  
 Verwysing: Naam, Van en selnr.  
 Stuur bewys van betaling na  
 ernst.bosveld@gmail.com  
 Ernst Lombard: 082 645 1343

**R200** per kaartjie



**DIE OORD PV3**  
KARNAVAL  
CARNIVAL

**13 APRIL 2019**  
09H00 - 14H00

*is 'n Fundraisingprojek  
ten bate van intellektuele  
gestremde volwassenes.*

VERSKEIE STALLETJES  
**POTJIEKOS**  
**PANNIEKOEK**  
**POEDING TAFEL**  
**KOELDRANK**  
**TEE EN KOFFIE**  
THEE EN KOFFIE  
**PLAASSTAL**  
WIT OUIFANT  
**WIT OUIFANT**  
PELLE HUIER  
**SKATTEJAG**

*A Fundraising project  
in aid of intellectual  
disabled adults.*

VARIOUS STALLS  
**"POTJIEKOS"**  
**PANCAKES**  
**PUDDING**  
**SOFT DRINKS**  
THEE EN KOFFIE  
**HOME INDUSTRY**  
**FARM STALL**  
**VARIOUS GAMES**  
WIT OUIFANT  
**PHOTO BOOTH**  
**PEDDLE CARS**  
**TREASURE HUNT**

**Kontak/Contact**  
Tel: 061 253 5111 / 012 253 0750 / 7172  
E: [info@oordpv3.co.za](mailto:info@oordpv3.co.za)  
W: [www.oordpv3.co.za](http://www.oordpv3.co.za)

**R513 Hartebeespoortdam**  
**25°42'09.2"S 27°51'09.1"E**  
**R20**

**SOUTH AFRICA**